

Dié blomme sal altyd bekoor



BENODIGDHEDE: Ongeveer 2,2 kg Tridalia Nr. 8 (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Om oor 'n koninginbed te pas.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; lb

langbeen; sp(s) - spatie(spasies); st(e) - steek(steke); vlg - volgende; blk(s) - blokkie(blokkies).

FILETWERK: Spasie: 1e ry: 1lb, * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st. 2e ry: 1lb in lb, * 2ks, 1lb in vlg lb.

Blokkie: 1lb in lb, 2lb in sp, 1lb in vlg lb.

AANWYSINGS: Die motief word deur middel van spasies en blokkies gevorm. Ont-hou, wanneer daar meer as een opeenvolgende blokkie voorkom, is die vierde langbeen van die eerste blokkie ook die eerste langbeen van die tweede blokkie.

☒ op diagram stel 'n blokkie voor.

☐ op diagram stel 'n spatie voor.

Die deken word saamgestel uit ses stroke wat aan mekaar vasgewerk word. 'n Omranding word dan oor drie van die vier rande gehel, sodat die rand wat by die koppen sal kom, nie omrand is nie.

EERSTE STROOK: Begin met 165ks, draai, 1lb in 8e ks vanaf hekelpen. Raadpleeg diag. B. Draai altyd met 5ks.

Een volledige strook word verkry deur diag. B vier keer te herhaal.

OMRANDING: Begin met 98ks, draai, 1lb in 8e ks vanaf hekelpen. Draai altyd met 5ks. Raadpleeg diag. A.

SPIRAAL-FRAIINGS: Hekel 30ks, draai, hekel 3lb in elke ks. Werk 'n fraiing aan elke tweede spatie in omranding vas.

